




## Die ATKV-tak Sonneblom bied aan ... 'n **DIGKOMPETISIE!**

Wat is dan  
nou mooier as  
die mooiste  
woorde van 'n  
Afrikaanse gedig?

Kom wees  
kreatief en speel  
met woorde.

Skryf nou in vir  
ATKV-tak Sonneblom  
se digkompetisie.



## Onderwerp: **Hoop**

### **Kategorieë is soos volg:**

Graad 1 tot 3  
Graad 4 tot 5  
Graad 6 tot 7  
Graad 8 tot 10  
Graad 10 tot 12  
Volwassenes

### **Pryse:**

Die **wenner** sal 3 LAPA boeke  
ontvang, asook 'n  
ATKV-geskenkpakkie.

Die **twee naaswenners**  
sal ook elkeen 'n  
ATKV-geskenkpakkie ontvang.

Die beste drie gedigte kom in aanmerking vir pryse in die  
verskillende kategorieë. Alle ouderdomme mag deelneem.

**Sluitingsdatum:** 31 September 2020.

**Hoe om in te skryf:** Stuur 'n e-pos met die onderwerp  
"Hoop" na [hoopsonneblom@polka.co.za](mailto:hoopsonneblom@polka.co.za) wat die volgende bevat:

- \* Jou naam en van
- \* Jou posadres en telefoonnommer
- \* Jou gedig (in die e-pos self of in 'n Word-dokument aangeheg).



## Reëls

- \* Slegs een gedig per persoon.
- \* Die gedig mag nie uit meer as 200 woorde bestaan nie.
- \* Dit moet in digvorm wees.
- \* Elke gedig moet 'n duidelike titel hê en die woord **HOOP** moet daarin voorkom.
- \* Die gedig moet jou eie oorspronklike werk wees en niemand mag namens iemand anders of anoniem inskryf nie.
- \* Die gedig moet iets nuut wees, jou naam en die datum moet daarby verskyn en dit mag nog nie voorheen elders verskyn het nie, insluitend sosiale media.
- \* Die inskrywing mag slegs in Afrikaans wees.
- \* Deur in te skryf stem jy daartoe in dat jou inskrywing op een van die ATKV se platforms gepubliseer mag word. Die reg word ook deur die ATKV-tak Sonneblom voorbehou om nie alle inskrywings te publiseer nie.
- \* Die beoordelaars se besluit is finaal en daar sal geen korrespondensie oor die uitslae gevoer word nie.
- \* Jou e-posadres sal nie gepubliseer word nie.

## INSKRYWING:

Hiermee skryf ek in vir die ATKV-tak Sonneblom se gedigkompetisie met die tema **“HOOP”!**

Jou naam en van \_\_\_\_\_

Jou e-posadres \_\_\_\_\_

Jou ouderdom \_\_\_\_\_

Graad \_\_\_\_\_

My gedig bestaan uit \_\_\_\_\_ woorde.

